# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 343 · 14 JUNIE 2024**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## OOS-KAAP NETBALKAMPIOENE IN ALLE OUDERDOMSGROEPE
















NETBAL
HOËRSKOOL FRAMESBY

## KARLIE SIT NIE STIL NIE!



Karlie Janse van Rensburg het aan die Radikale Redenaarskompetisie in die Afrikaanse Prosa en English Poetry afdelings deelgeneem. Sy het vir beide afdelings 'n A+ behaal en is genooi om aan die provinsiale finaal deel te neem wat op Saterdag, 8 Junie 2024 by Ooskus Gimnasium in Oos-Londen plaasvind.

Karlie het aan die Computer Talent Search kompetisie deelgeneem en 'n goue sertifikaat in die intermediêre afdeling ontvang. Baie geluk!

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**















# 0/14, 0/15, 0/16, 0/17 EN 0/19 NETBAL OOS-KAAP KAMPIOENE!

## UITSLAE OOS-KAAP PROVINSIALE KAMPIOENSKAPPE 7- 8 JUNIE 2024:

o.14
Joubertinia 27-1 Wen
Mqikela 15-6 Wen
Queenstown 17-0 Wen
Kwart Finaal: Ooskus Gimnasium 12-3 Wen
Semi-Finaal: Nico Malan 11-2 Wen
Finaal: Pearson 15-10 Wen

o.15
Khanyisa SS 19-5 Wen
Zwelendulama 15-6 Wen
Tiembank 37-1 Wen
Semi-Finaal : Nico Malan 11-5 Wen
Finaal : Despatch 15-11 Wen

o.16
Zamakulungisa 26-3 Wen
Cala Village 21-5 Wen
Cathcart 26-5 Wen
Semi Finaal: Hangklip 25-3 Wen
Finaal: Pearson 15-11 Wen

o.17
Excellence 24-2 Wen
Rubusana 19-4 Wen
Humansdorp 23-2 Wen
Umtata 26-1 Wen
Finaal : Pearson 19-6 Wen

o.19
JBC 45-4 Wen
Excellence 42-1 Wen
Hangklip 26-8 Wen
Semi Finaal: Clarendon 28-11 Wen
Finaal: Brandwag 27-20 Wen





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7



REMOFILWE MABALANE
85,0%



BIANCA MALAN
81,1%



CHLOE MILLWARD
80,1%



ANNIKA MÜLLER
84,3%



MARLI MÜLLER
84,2%



PIPPA NEL
83,6%



RICARDO NEL
83,6%



STEVEN SCHEFFER
80,4%



MICHAEL STANDER
83,0%



JODIA STEENKAMP
80,3%



TIAN VD BERG
80,7%



RUAN VD SPUY
81,6%




HANO VAN ROOYEN
83,0%




HENDRÉ VIVIERS
82,3%





KIAN WELGEMOED
81,8%














$a^2 - b^2 - c^2$

# TOP 20 - GRAAD 10

- Alle vakke word in berekening gebring.
- Om vir Top 20 te kwalifiseer moes leerders die volle eksamen afgelê het.



1. PAUL VAN HEERDEN
90,3%



2. RUBEN BOUWER
88,3%



3. MATTHYS POTGIETER
88,1%



4. TAYLOR V JAARSVELD
88,0%



5. REYNARD JANSEN
87,7%



6. LUKA BESSINGER
87,1%



7. LEANÉ DU PREEZ
86,4%



8. DURANDT ROOTMAN
86,1%



9. CHAD THOMPSON
85,0%



10. ANINE EHLERS
84,7%



11. ZANDRI STUMKE
84,4%



12. MARLI BÜCHNER
84,3%



13. CHERIZE SCHUTTE
84,0%



14. LIAM BLIGNAULT
83,4%



15. SHANTÉ KAPP
81,6%



16. LARA STEYN
81,1%



17. RICHELLE KERN
80,7%




18. JACO STRYDOM
80,6%



19. CARLI MARITZ
80,1%



20. CINDY LANGEVELDT
79,9%




# TOP 20 - GRAAD 11

- Alle vakke word in berekening gebring.
- Om vir Top 20 te kwalifiseer moes leerders die volle eksamen afgelê het.



1. ALOUISE VOSLOO
91,7%



2. ANRI DE BEER
90,1%



3. ANÉ RETIEF
89,9%



4. LEANDER TERBLANCHE
89,4%



5. ESMARI DU PLESSIS
87,9%



6. DIVAN KOEN
86,4%



6. ELZÉ ODENDAAL
86,4%



8. MIEKE JAMNECK
86,1%



9. MIEKE KOEN
86,0%



10. DANIALLE RABIE
83,7%



11. REZE VAN ROOYEN
81,9%



12. EVAN CLAASSEN
81,7%



13. ZANTÉ DEKKER
81,4%



14. JANI SLABBERT
81,3%



15. ALEXIA MEIRING
81,1%



16. KAYDEN MYBURGH
80,9%



17. DEWAN WESSELS
80,0%




18. TALUSCHKA BOSHOFF
79,6%




19. CASEY-LEE SMITH
79,4%





20. ZANE LIEBENBERG
78,3%









$a^2 - b^2 - c^2$

# TOP 20 - GRAAD 12

- Alle vakke word in berekening gebring.
- Om vir Top 20 te kwalifiseer moes leerders die volle eksamen afgelê het.


1. NIANKE BEZUIDENHOUT
91,1%


2. CHANTÉ KOTZÉ
88,6%


3. ZANIE VLOK
87,9%


4. CARIKE MARAIS
86,4%


5. AMARI GOUWS
85,7%


6. ANRI BOTHA
85,4%


7. MELANDRÉ ACKERMANN
85,3%


8. JASON NELL
84,0%


9. TIAAN PEENS
83,3%


10. LARA NELL
82,9%


11. LIANÉ GOUWS
82,1%


11. TWANÉ MARX
82,1%


13. CARLA V JAARSVELD
80,1%


14. SERITA VENTER
79,6%


15. NICOLE CLASSEN
79,4%


16. ANNICA BOTHA
79,3%






17. JEMINÉ SYPHUS-MANN
79,1%


18. KARLÉ DU PREEZ
78,9%


19. MARIE-LOUISE STRYDOM
78,6%


20. ANTON LOMBARD
78,3%



$a^2 \quad b^2 = c^2$

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

WAT DRA JY SAAM IN JOU TAS?

Ek haal die volgende uit Hebreërs 12:1-2: "Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, (2) die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God."

As jy baie reis dan leer jy gou om lig te pak, wel sommige van ons mans! Veral as jy Ryanair vlieg, dan probeer jy alles in daardie een klein tassie kry. Tog leer min van ons dié les vir ons lewe; ons dra groot swaar tasse met emosionele en geestelike bagasie saam. Verwyte, haat, woede, skuldgevoelens en soveel meer. Ons probeer soms wegkom van hierdie bagasie deur te trek na 'n ander land, te skei, te drink of wat ook al, net om agter te kom dat ons hierdie bagasie saam neem as ons trek, saam neem in 'n nuwe verhouding in. Daar is maar net een oplossing, en dit is om ons tasse te begin uitpak. Om uit te pak, maak ons bang. Dit is ongelukkig die enigste opsie om lig en vry te leef. Wat is daar in jou lewe wat jy saamdra en wat gaan jy maak om dit uit jou tas te haal? Mag dit vir die hele Framesby-familie waar wees!

Ek lig die volgende belangrike punte uit:

A) TOETSREEKSE/VERANDERING VAN KWARTAALPROGRAM

HS Framesby het besluit om 'n daadwerklike verandering aan te bring met betrekking tot die akademiese program en gaan vanaf kwartaal 3 glad nie meer vir 'n 2 weke toetsreeks breek nie. Die toetsreeks van kwartaal 3 gaan gedurende die normale program op spesifieke dae tydens die skooldag afgehandel word. Hierdie nuwe tendens sal dan in 2025 voortgesit word. Veranderinge is alreeds op die kwartaalprogram van kwartaal 3 aangebring. Die rede hiervoor is die feit dat ons leerders geweldige akademiese tyd verloor wat beslis 'n negatiewe uitwerking het.

Ons vra om verskoning vir die ongerief hiervan, maar ons kan beslis nie langer 'n blinde oog hiervoor gooi nie. Leerders moet in die klasse wees en onderrig word. Hierdie is 'n verdere beweging na 'n akademiese kultuur.

B) KWARTAALPROGRAM

Aangeheg die derde kwartaal se kwartaalprogram. Let veral op die verandering met betrekking tot die toetsreekse.

C) ASSESSERINGSDATUMS VIR KWARTAAL 3

Aangeheg assesseringsdatums vir kwartaal 3.

D) KWARTAALVERSLAE VAN DIE TWEEDE KWARTAAL

Wanneer u die kwartaalverslag ontvang, moet u asseblief as volg te werk gaan:

- Werk die verslag deeglik sáám met u kind deur.
- Stel 'n aksieplan op hoe u kind sy uitslae kan verbeter.
- Beplan u dagboek so, dat u ons oueraande kan bywoon. Hier kan u met die vakonderwysers gesels om hulp te kry.

Oueraand Graad 8/9/10/11/12 Dinsdag 9 Julie 2024 [18:00 – 20:00]

Die oueraande is in die saal en kultuursaal. Dit is in belang van u kind dat ons mekaar ondersteun om ook die akademiese vordering te verbeter.

Ons wil 'n beroep doen dat ouers waar leerders probleme ondervind, die oueraand sal bywoon.

Alle akademiese navrae met betrekking tot die JUNIE-UITSLAE moet aan die akademiese graadhoofde gerig word.

Akademiese Graadhoofde kan op hul e-pos adresse soos hieronder gekontak word:

| | |
|---|---|
| **Graad 8** | Mev. H Strauss - **hstrauss.framesby@gmail.com** |
| **Graad 9** | Mev. M Snyders - **moniquesnyders.hsf@gmail.com** |
| **Graad 10** | Mej. N Potgieter - **npotgieter@framesby.co.za** |
| **Graad 11** | Mej. L Schelbert - **lschelbert@framesby.co.za** |
| **Graad 12** | Mnr. F van der Walt - **fvdwalt@framesby.co.za** |

E) AKADEMIESE VERPLIGTINGE VAN LEERDERS

Daar is leerders wat nie hul akademiese verpligtinge nakom nie. Ons doen 'n beroep op u om met u kind(ers) 'n opvoedkundige gesprek hieroor te hê.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Elke leerder moet by daaglikse studietye hou en elke dag hul huiswerk volledig tuis afhandel. Ons vra u ondersteuning in hierdie verband.

Waar leerders op sporttoere gaan, is hulself verantwoordelik om hul werk in te haal. Die Wolkskool kan as 'n handige hulpmiddel gebruik word.

F) SLAAGVEREISTES
Bestudeer asseblief die onderstaande slaagvereistes deeglik.
Grade 10 – 12
40% vir Huistaal
40% vir twee ander vakke
30% vir drie ander vakke

Grade 8 - 9
50% vir Huistaal
40% vir Eerste Addisionele Taal
40% vir Wiskunde
40% in nog 3 ander vakke
30% in 2 ander vakke

G) VERANDERING - WELSTAND GRAADHOOF
Neem kennis dat Mev. E Jonker die pligte van die welstand graadhoof by Mnr. E IttershagenStrauss oorneem.
Mev. E Jonker se e-pos besonderhede is as volg:
ejonkerframesbyhs@gmail.com

H) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

I) WINTERSKOOL 2024 [GRAAD 11/GRAAD 12]
Word aangebied vir alle graad 11 en 12-leerders in die kernvakke, en is verpligtend vir hierdie leerders in die betrokke vakke. Dit is gratis.

Tydgleuwe op hierdie dae waarin onderrig sal plaasvind is:
08:00 - 10:00
10:30 - 12:30
13:30 - 15:30

Die datums is as volg:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Dinsdag 18 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 LEWENS-WETENSKAPPE<br><br>GRAAD 11 REKENINGKUNDE | **Woensdag 19 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 WISKUNDE /WISKUNDIGE GELETTERDHEID | **Donderdag 20 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 WISKUNDE /WISKUNDIGE GELETTERDHEID | **Vrydag 21 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 REKENINGKUNDE<br><br>GRAAD 11 WISKUNDE | **Saterdag 22 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 REKENINGKUNDE |
| **Maandag 24 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 LANDBOUWETENSKAP | **Dinsdag 25 Junie 2024**<br><br>GRAAD 12 LANDBOUWETENSKAP | | | **Vrydag 28 Junie 2024**<br><br>GRAAD 11 FISIESE WETENSKAPPE | |
| **Maandag 1 Julie 2024**<br><br>GRAAD 11 FISIESE WETENSKAPPE | **Dinsdag 2 Julie 2024**<br><br>GRAAD 12 FISIESE WETENSKAPPE | **Woensdag 3 Julie 2024**<br><br>GRAAD 12 FISIESE WETENSKAPPE | | | |

J) DERDE KWARTAAL
Hoërskool Framesby heropen op Dinsdag, 9 Julie 2024 om 07:30 vir alle leerlinge.

K) VAKKEUSES GRAAD 9-LEERDERS
Leerders en ouers moet asseblief kennis neem dat vakkeuses gemaak moet word met inagneming van die Junie- eksamen se punte. Omdat ons skool 'n loodsskool is met betrekking tot die GEC [General Education Certificate] is die punte gewoonlik hoër as normaalweg. Hierom is die Junie-eksamenpunte van uiterste belang vir vakkeuses.Dit bly dus belangrik dat u as ouers hul verder sal ondersteun deur gedurende die Junie-vakansie al te begin met aanlegtoetse – veral waar leerders onseker is wat hul toekomstige beroep gaan wees.

Die vakkeuse-aand is op Dinsdag, 13 Augustus 2024 om 18:00 in die skoolsaal. Dit is verpligtend vir graad 9-ouers en leerlinge.

L) STEMulator
Hierdie is 'n E-leerplatform wat bekendgestel is, en vrylik op die internet beskikbaar is, wat leiding gee oor studierigtings en beroepe. Dit is 'n virtuele wêreld vol geanimeerde inhoud van kloppende harte tot kragtige straalenjins rondom studierigting en beroepe. Elke graad-9 leerder behoort hierdie E-leerplatform te besoek om inligting te vind oor beskikbare beroepe, studierigtings en watter vakke benodig word.

M) GEC [GENERAL EDUCATION CERTIFICATE]
Neem kennis dat ons weer 'n loodsskool vir graad 9 is. Ons het tentatief datums geblok in kwartaal 3 en 4 op die kwartaalprogram, maar dit is onderworpe aan veranderinge.

N) VERANDERING VAN BANK
Neem kennis dat die beheerliggaam besluit het dat HS Framesby van bank verander. Die rekening by Eerste Nasionale Bank sal vir 'n interim tydperk van twee maande oop wees. Ons moedig ouers aan om so gou as moontlik oor te skakel en van ons nuwe bank gebruik te maak. Ons nuwe bankbesonderhede is as volg:




O) SIELKUNDIGE/BERADINGSDIENSTE
Hierdie diens word nie meer deur die skool hanteer nie. Ouers, indien u van hierdie funksie wil gebruik maak, moet u dit in u eie hoedanigheid hanteer, hetsy met maatskaplike dienste of privaat. Ons sal 'n stelsel op die been bring waar leerders kan aandui indien hul hulp verlang met aanduiders vir u hoe dit verder hanteer moet word. Hierdeur versterk ons dan die beginsel van privaatheid met betrekking tot u leerder.

P) GRAAD 12-PRESTASIE/EERSTE KWARTAAL
Ons graad 12 - groep bestaan uit 214 leerders.

| | Aantal leerders |
|---|---|
| 80% - 99,99% | 13 |
| 70% - 79,99% | 39 |
| 60% - 69,99% | 65 |
| 50% - 59,99% | 48 |
| Gemiddelde % per leerder | 62 |

Uit die twintig vakke wat ons aanbied, het een van hierdie vakke 'n 70%-gemiddeld en hoër. Die vak is:
Lewensoriëntering

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Uit die twintig vakke wat ons aanbied, het nege van hierdie vakke 'n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
English Home Language
Dramatiese Kunste
Wiskunde
Wiskundige Geletterdheid
Inligtingstegnologie
Geografie
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe
Toerisme

Q) GRAAD 11-PRESTASIE/EERSTE KWARTAAL
Ons graad 11 - groep bestaan uit 216 leerders.

| | Aantal leerders |
|---|---|
| 80% - 99,99% | 17 |
| 70% - 79,99% | 32 |
| 60% - 69,99% | 54 |
| 50% - 59,99% | 54 |
| Gemiddelde % per leerder | 59 |

Uit die negentien vakke wat ons aanbied, het een van hierdie vakke 'n 70%-gemiddeld en hoër. Die vak is:
English Home Language

Uit die negentien vakke wat ons aanbied, het sewe van hierdie vakke 'n 60% gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Rekeningkunde
Besigheidstudies
Verbruikerstudies
IGO
Inligtingstegnologie
Geografie
Lewenswetenskappe

R) GRAAD 10-PRESTASIE/EERSTE KWARTAAL
Ons graad 10 - groep bestaan uit 249 leerders.

| | Aantal leerders |
|---|---|
| 80% - 99,99% | 19 |
| 70% - 79,99% | 33 |
| 60% - 69,99% | 50 |
| 50% - 59,99% | 67 |
| Gemiddelde % per leerder | 58 |

Uit die een en twintig vakke wat ons aanbied, het een vak 'n 80%-gemiddeld en hoër. Die vak is:
Musiek

Uit die een en twintig vakke wat ons aanbied, het een vak 'n 70%-gemiddeld en hoër. Die vak is:
IGO

Uit die een en twintig vakke wat ons aanbied, het drie van hierdie vakke 'n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
English Home Language
Rekeningkunde
Verbruikerstudie

S) GRAAD 9-PRESTASIE/EERSTE KWARTAAL
Ons graad 9 - groep bestaan uit 249 leerders.

| | Aantal leerders |
|---|---|
| 80% - 99,99% | 47 |
| 70% - 79,99% | 48 |
| 60% - 69,99% | 55 |
| 50% - 59,99% | 59 |
| Gemiddelde % per leerder | 68 |

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het drie van hierdie vakke 'n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Digitale Tegnologie
Skeppende Kunste

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Lewensoriëntering

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het drie van hierdie vakke 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
English Home Language
Afrikaans Huistaal
English First Additional Language

T) GRAAD 8-PRESTASIE/EERSTE KWARTAAL
Ons graad 8 - groep bestaan uit 295 leerders.

| | Aantal leerders |
|---|---|
| 80% - 99,99% | 60 |
| 70% - 79,99% | 55 |
| 60% - 69,99% | 66 |
| 50% - 59,99% | 56 |
| Gemiddelde % per leerder | 67 |

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het vier van hierdie vakke 'n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
English Home Language
Digitale Tegnologie
Skeppende Kunste
Lewensoriëntering

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het vier van hierdie vakke 'n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Afrikaans Huistaal
Wiskunde
Natuurwetenskappe
Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe

U)TOP 20

Die top 20 word as volg bereken:
Graad 8 tot 12
Die totaal van alle vakke word in ag geneem. Die leerder moes egter alle vakke voltooi het.
Baie geluk aan die volgende leerders wat pragtig presteer het om die top 20-klasposisie in elke graad te behaal.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# LOGAN UITGENOOI NA CSA STREEKKAMP

Logan Fleetwood (graad 11) is uitgenooi om op 7 Junie die CSA (Cricket South Africa) o.17 streekkamp by te woon. Baie geluk!!
.



# ILKE DRAF WEG MET 'N SILWER MEDALJE

Baie geluk aan Ilke Wolmarans wat tydens die SA 21.1km Kampioenskappe in Gqeberha 'n silwer medalje in die Junior vroue afdeling verower het, met 'n uitstekende tyd van 1:40. Ilke het haar persoonlike beste tyd met 12 minute verbeter en wat dit nog meer merkwaardig maak, is dat dit in die yskoue wind en reën plaasgevind het.



# BUITESPORT

Tinique Prinsloo het aan die Algoa Karate Club Kompetisie deelgeneem en 'n Kata Brons verower.



# TENNISUITSLAE

Chrisstian Viljoen het die afgelope tyd aan die ITF (International Junior Circuit) deelgeneem. Chrisstian het tydens die kwalifiserende rondte vir Geoffrey Daniels (Ierland nr 1) 6-3 6-3 gewen. Nadat hy 3 kwalifiserende rondtes gewen het, verloor hy in 'n naelbyt wedstryd 7-5 6-4 teen Patrick Marsh (505 op wereldranglys). Baie geluk, Chrisstian. Ons is trots op jou. Sterkte vir die volgende toernooi in Augustus.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

*Hoërskool Framesby se*

# GESKIEDENIS VAKSPAN



## F. VD WALT

- Vakhoof
- BA en PGCE
- 13 jaar ondervinding



## K. ASPELING

- B.ED
- 6 jaar ondervinding



## P. BOSCH

- Interne Vakhoof
- Hoër Onderwys Diploma (4 jaar)
- 35 jaar ondervinding

*54 jaar ondervinding*

# ONS NEEM AFSKEID:

## JUFFROU GERRY SMITH

## 1992 - 2024




"Met 'n lied in die hart en traan in die oog" groet Gerry Smith Framesby na 32 en half jaar.

In 1987 het ek by Hoërskool Cillié begin skoolhou en na 3 jaar geskuif na Iqhayiya Kollege waar ek vir 2 jaar was en in 1992 land ek by Hoërskool Framesby. Ek het as Tikonderwyseres by Framesby begin.
Later het dit Rekenaartik geword en vandag is dit Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) of te wel CAT. Ek het my vak geweldig geniet en glo steeds dat elke leerder CAT moet neem.

Beroepshoogtepunt: Om Provinsiale Moderator vir CAT te kon wees. Die kennis en ondervinding wat mens daar opdoen is van onskatbare waarde. By Framesby aangekom, moes ek Atletiek en Netbal afrig. In 1997 neem ek die dogterskrieket oor by Janine Ferreira wat Australië toe verhuis het. Min het ek geweet dat dié sport my passie sou word. Framesby het baie goeie kieketspelers oor die jare opgelewer. Sporthoogtepunt: Om Keurder te kon wees van die SA-vrouekrieketspan in 2007 en 2008.

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om elke leerder, onderwyser, kollega, vriend(in) wat my pad gekruis het, te bedank vir jou rol wat jy in my lewe by Framesby gespeel het. Ek is opreg dankbaar en trots daarop dat ek deel van die Framesby-familie kon wees. Mag Framesby nog baie hoë hoogtes bereik.







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# WINTERBAL














SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ONS GESELS MET: CARIN JANSE VAN RENSBURG



Carin (van Zyl) Janse van Rensburg (1987-1991)

Ek was van 1987 ‘n amptelike skolier aan Hoërskool Framesby, maar Framesby was eintlik sedert ek ‘n 8-jarige dogtertjie was deel van my. Dit is die jaar wat my pa, Thys van Zyl, daar begin skoolhou het. Ek onthou hoe ek altyd saam met hom gegaan het om die aand atletiek byeenkomste te gaan kyk by die UPE-stadion. Ek het net so hard ge”cheer” soos enige Framesby kind. Ek onthou spesifiek dat ek daardie jare vir Maryke(Smith)Doubell en Erich Knoetze gaan “cheer” het. Ek was nog nooit self ‘n atleet nie… hehe… maar ek kon “cheer”!! Van toe af al. Op skool het die hekkies-items en die aflosse beslis gesorg vir hoendervleis oomblikke. Elize Marais en Tom-Tom Botha het ‘n groot aandeel gehad aan al die lekker onthoutye van daardie dae. Ek het ook van kleins af elke Saterdag saam met pa gaan rugby kyk. Ons huis was loopafstand van die skool af. Maar ons het Saterdae agter die pale in die kar gesit en kyk en dan moes ons ry voor die eerstes se “game” heeltemal klaar was, want ek moes 13h00 by die tennisbane wees om te gaan liga speel.

Laat ek eers by die begin begin….. ek het nog altyd maar ‘n laaang asem gehad. My eerste dag op skool sal ek nooit vergeet nie. Mnr. Saunders het met sy “cream” Peugeot bo-oor my splinternuwe tas gery buite die saal. Dit was my eerste kennismaking met hom. Vir die res van die tyd wat ek daai tas gedra het, was die “tyre” merk duidelik sigbaar op my tas. ‘n Hoogtepunt van skool was sekerlik die Hyperama-tennistoer na Johannesburg in St. 7 saam met die seunspan van Pearson. Dit was Lulu Lourens, ek, Colleen Brown en Cherié Fuchs. Ons het in die Holiday Inn in Hillbrow gebly. Iewers terwyl ons daar was het daar ‘n bom ontplof fisies ‘n blok van waar ons gebly het. Dit was al laat die aand, maar ons het almal by die balkonne uitgehang

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

om te kon sien wat gebeur het.
In St. 9 het ons meisies ons LO-broeke onder ons skoolrokke aangetrek in eksamentyd. Dan het ons rugby gespeel saam met die manne in die lang pouse. Kontak rugby. Ons is belet om weer kontak rugby te speel die dag toe Ellane of Margott een van die o/15 sterspelers so “getackle” het dat hy uit was vir Saterdag se belangrike “game”. Ons het daardie jaar ons eie rugbyspan gehad. Sunel en Colleen op vleuel en Margott was losskakel en Ellane heelagter. Hulle twee kon tot “drop” en “place”. Die St. 9 manne wat toe eerste span was het ons afgerig. Loggie en Christoff was aan die voortou. Ons het selfs teen die scrum masjien gescrum. Ek wens ons kon iewers in ‘n liga speel. Ek dink nie ons sou ooit verloor het nie.

Die “Class of 91” was regtig ‘n besonderse klomp bymekaar. Ek het nogal gewonder hoe sou dit wees as daar Corona was toe ons daar was. Iewers sou iemand inisiatief gehad het van hoe ons kon sokkie. Daar was altyd planne vir alles. Ons het almal gesokkie. Veral as Karolis gespeel het of Summer of 69, dan was die hele Matriekklas op die baan. Ons het altyd alles saamgedoen. Gaan Benson en Hedges aandkrieket kyk by St. Georges en saam met die “band” op die pawiljoen gesing. My skooltyd was seker van die lekkerste tye in my lewe.

Die matriek geskiedenisklas was seker een van die legendariese klasse by Oom Daantjie soos ek hom leer ken het as 8-jarige dogtertjie al. As ek egter een onderwyser moet uitsonder wat ‘n groot impak op my lewe gehad het, was dit Juf Wida van Wyk. Die dag op haar begrafnis – so 5 jaar na ons klaar was met skool, was daar ‘n varkoor op die preekstoel. Die dominee het gesê dat varkore hom aan haar laat dink. Hulle groei in hierdie moeras maar is die mooiste blom. Juf Wida se liggaam was deurtrek van die kanker-moeras, maar haar lewe was soos die mooiste varkore. Hier by my op die plaas het ek 3 bosse varkore. Nodeloos om te sê een van my gunsteling blomme. Varkore sal my altyd aan haar herinner.

Een van die hoogtepunte van ons St. 10 jaar was beslis seker die rasie leier wees by die PE-Skole atletiek. Die hele skool het gesing. Die hele dag lank. Ons het daardie jaar die beker verdien. Dubbel en dwars…. Maar die feit dat ons te veel atletiekbekers gewen het, het gemaak dat hulle nie vir ons daai beker wou gee nie. Dit het ons nie ondergekry nie!!!! Ons het danksy mnr. Krit ons eie beker gehad en in ons oë was dit die beker!!!

Wat sport aanbetref, was ek sedert 0.10-0.18 lid van die OP-tennisspan. Ek was ook in my St. 9 jaar gekies as lid van die SA Skolespan. Ek het na skool by UPE gaan studeer en was daar die nr. 1 speler van 1993-1996. Ek was toe ook lid van die OP-Seniorspan. Ek speel steeds tennis. Deesdae kies ek net my “partners” goed. Ek speel steeds vir die OP Veterane Span. Cradock Tennisklub het sedert die begin van die Top Guns Klub toernooi so ’n paar jaar gelede nog elke jaar die OP-streek gewen. Ek was deel van die span wat in 2019 by Sun City gaan speel het en ook deel van die span wat in November 2021 die 5e plek in Sun City by die Nasionale Toernooi behaal het. Dit was baie lekker om teen die jonges daar by Sun City so bietjie oor hulle kop te kon “lob”. Ek dink my kop(“belief”) was van kleins af sterk, maar dit is seker deesdae een van my sterkste punte op die baan. Ek het dit beslis by my pa geërf. Maak nie saak wat die telling is nie of hoe oud jy nou al is nie…. wees altyd positief…. Moenie ophou “fight” nie en geniet elke oomblik!!!!!! Daar is een ding in sport waaroor ek baie sterk voel. Ek raak so bietjie buite myself as ek dit sien gebeur. Ouers en afrigters wat hulle kinders leer om ten alle koste te wen. Al moet jy die bal uitroep wat eintlik in is. Kinders het nie hierdie druk nodig nie. Baie ouers het self nie op skool presteer nie, maar verwag van hulle kinders om altyd die hoogste sport te bereik. En die beste te wees in alles. Dit is wonderlik as jou kind talente ontvang het, maar gee jou kind asseblief net die kans om kind ook te wees. Ek het oor die jare te veel gesien hoe hierdie kinders om my swig onder die emosionele druk wat te veel is. Ek is wel baie kompeterend…. Erf dit ook van my pa… hehe…maar is dankbaar vir ouers wat vir my geleer het dat wen regtig nie alles is nie. Sportmangees op en af van die baan bly die “ultimate” eerste prys.

Wat my persoonlike lewe betref. Ek het in 1992 ‘n jaar Kinderevangelisasie gaan doen as Diensjaar vir Christus en in 1993 Maatskaplike Werk by UPE gaan studeer. Ek het in 1997 my eerste pos by die ACVV-Cradock aanvaar en is steeds deel van die ACVV-Cradock, 27 jaar later. In 2019 is ek in die pos as Hoof Maatskaplike Werker aangestel vir die ACVV-Cradock. Hierdie nuwe pos het dan ook behels dat ek die Streekbestuurder vir die ACVV is in die Oos-Kaap Middelande Streek, in diens van ACVV Hoofkantoor. Die supervisie van die Maatskaplike Werkers in die distrik en ondersteuning en bestuur van die Tehuise vir Ouer Persone in Middelburg, Dordrecht, Somerset-Oos, Cradock, Aberdeen, Graaff-Reinet en Adelaide is dan deel van my verpligtinge.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Ek is in 2006 getroud met Bartho. Ons woon in die Mortimer distrik so 28 km buite die dorp. My enigste rooi robot op pad werk toe en skool toe in die oggende is soms die koedoe wat oor die pad hol. Ons het 3 kinders, 4 honde, 3 katte, 1 budgie en my jongste se hoenderboerdery. Willem is vanjaar in gr. 12, Sanmari in gr. 9 en Anna-Mart in gr. 8 in Cradock Hoërskool. Sanmari is op 4 en 'n half gediagnoseer op die outisme spektrum. As "non-verbal" kind het iemand vir my gesê dat sy nooit op Cradock sal kan skoolgaan nie. Sy is onopvoedbaar en Cradock het nie spesiale skole nie. Nie ek of Bartho het kans gesien dat sy weggestuur moet word nie. Sy gaan sedert gr R in die hoofstroom skool saam met 'n tutor. Die skole in Cradock was ongelooflik om haar te akkommodeer en die engele oor haar pad was altyd daar. Sy is nou al in gr. 9 met Wiskunde as haar sterkpunt en bewerkings wat natuurlik in die kop gedoen word. Om 'n ouer te wees van 'n "Special Needs Child" was nie elke dag maanskyn en rose nie. Daar was baie uitdagings. Maar ek het al die moelike en swaar tye vergeet. Die oomblik wat die "fout" 'n naam gekry het toe sy gediagnoseer is, kon ons die pad loop saam met wonderlike familie, vriende en gemeenskap wat ons ankers is. Dit is 'n voorreg om haar mamma te wees en ook mamma te wees van my ander 2 staatmaker kinders.

My motto in die lewe is – moet nooit moed opgee nie. Bly net kalm – die Here sal vir jou veg. Eksodus 14:14
Ek is trots om te kan sê dat ek 'n oudleerder van Framesby is. Handhaaf en Bou voort op baie jare se goeie prestasies en wonderlike geleenthede.







SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

## *Oudskolier*

Mornay Heunis
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek 2000)*
Keagan Tait
Ernst Stapelberg *(matriek 2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek 2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek 1999)*
Juanita Jacobs *(matriek 2012)*
Tania Crouse *(matriek 1995)*
Johathan Gardiner *(matriek 2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek 1998)*
Konrad de Villiers *(matriek 2006)*
Henry Claassen
Andrè Hough *(matriek 1988)*
Hanlie Potgieter *(matriek 1988)*

## *Ouers, Oudouers / Beheerliggaam*

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Sonia Gunn (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Andrè Grundling (ouer)
Zanelda Grundling (ouer)
Johannes Willem Muller (ouer)


## *Personeel / Oudpersoneel*

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *barometer*



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100




Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van ‘n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan ‘n bydrae maak!

’n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar ‘n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK

1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# ADVERTEER BY FRAMESBY

Adverteer jou besigheid. Ons almal kan doen met ‘n goeie reklame.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasie vir jou besigheid om meer voete te waarborg. Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bemark.

Hoërskool Framesby se 2024-wedstryde sal oorheersend tuis plaasvind dus
sal u maatskappy baie blootstelling kry.

Dit sal vir Hoërskool Framesby ‘n voorreg wees indien u maatskappy met die topskool in die Oos-Kaap wil assosieer.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.

Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257



DIE HANGER

HOËRSKOOL FRAMESBY KLEREWINKEL

# PRYSLYS 2024

| ARTIKEL | BEDRAG |
|---|---|
| **SKOOLDRAG** | |
| Skoolbaadjie ( SIZE 76-86 ) | R999 |
| SIZE: 87-97 | R1 050 |
| SIZE: 102-117 | R1 200 |
| SIZE - 122-127 | R1 350 |
| Dogters - skoolrokke ( size 10-20) | R499 |
| Size 21 | R525 |
| Wit hemp met skoolwapen ( size 34-38) | R260 |
| size 39-43 | R270 |
| size 44-50 | R290 |
| Skooldas | R100 |
| Winter Langmou Skooltrui (laaste koop) | R 190 |
| "Pullover" Trui | R 290 |
| Serp | R 150 |
| Grys Skoolkouse | R 80 |
| Sykouse - Navy | R 55 |
| Sykouse - 'Silky Shine Blackmail' | R 47 |
| Dogters wit kort kouse | R 50 |
| **SKOOL SAKKE** | |
| Rugsak - PUMA | R 350 |
| Sportsak - PUMA | R 600 |
| Sportsak - FRAMESBY ( MED) | R 380 |
| KOSSAKKIE | R 240 |
| RAMBLE - Boekerugsak | R 775 |
| Embroidery van naam op sak | R 25 |
| **SWEETPAK** | |
| Volledige Sweepak | R 1 300 |
| Sweetpakbroek | R 525 |
| Reënbaadjie | R 800 |
| **OPWARM HEMPIES** | |
| Huis Krit Hemp (A-L) Maroen - Kartmou | R 225 |
| Huis Vis Hemp (M-Z) Blou -Kortmou | R 225 |
| Huis Krit Hemp (A-L) Maroen - Langmou ( laaste koop) | R 250 |
| Huis Vis Hemp (M-Z) Blou - Langmou ( laaste koop) | R 250 |
| Gesublimeerde langmou opwarm hemp | R 385 |
| **SPORT KLERE** | |
| Dogters: Snyershempie (netbal, muurbal, tennis en hokkie) | R 225 |
| Dogters: rompie | R 165 |
| "Tights" | R 130 |
| Dogters Kortbroek (LO) | R 220 |

| | |
|---|---|
| Seuns: Gholfhemp ( muurbal, tennis en hokkie) | R 250 |
| Seuns: Kortbroek (maroon piping) | R 220 |
| Kortbroek | R 220 |
| Kortbroek - PUMA ( new navy ) | R 290 |
| Navy Hokkiekouse - PUMA | R 100 |
| Wit Sport kouse ( met strepe) | R 70 |
| **Krieketklere:** | |
| Hemp | R 320 |
| Broek | R 280 |
| Pet | R 300 |
| **Rugbyklere:** | |
| Puma Rugbybroek - Wit | R 350 |
| Puma Rugbykouse | R 100 |
| Puma Rugby opwarmingshemp - Navy | R 350 |
| **Atletiek** | |
| Atletiek Frokkie - Seuns | R 350 |
| Atletiek Frokkie - Dogters | R 350 |
| Jogger' - Seuns | R 350 |
| Jogger' - Dogters | R 350 |
| "Tights Hot pants" - Dogters | R 130 |
| **Fietsry klere** | |
| fietsry hemp | R 915/R 600 |
| fietry broek | R 1 410 |
| kouse | R 180 |
| **Algemeen:** | |
| "Tights" - Dogters | R 130 |
| "Scrunchies" - Dogters - Maroon & Navy | R 20 |
| **PETTE** | |
| Puma Blou Pet | R 250 |
| Framesby Peak | R 110 |
| Framesby Blou Pet | R 120 |
| **ONDERSTEUNERS KLUB** | |
| Ondersteuners Baadjies | R 700 |
| Ondersteuners Golfhemp - PUMA ( Mans & Dames) | R 375 |
| Ondersteuners Sambreel | R 200 |
| Ondersteuners Pet | R 150 |
| Ondersteuners Pawiljoenkussing | R 245 |
| **Skryfbehoeftespakket 2025 - GRAAD 8** | |
| OPSIE 1 ( met sakrekenaar) | |
| OPSIE 2 ( sonder sakrekenaar) | |
| HANDBOEKE | |

**Die dae wat ons ekstra gaan oop wees in Junie :**
**17 en 29 Junie 09:00 - 12:00**

Vir enige navrae:
Charnelle
charnelle@diehanger.co.za
082 342 8113

# KAARTJIES:

**R100 P/DAG**
(TOEGANG)

**R200 P/DAG**
(TOEGANG + AANDETE)



Hoërskool Framesby

Moet dit nie misloop nie!

KOOP 'N KAARTJIE OM TOEGANG TE KRY TOT DIE OUDSKOLIERE-MARKIESTENT!

## 8 EN 9 AUGUSTUS 2024

# OUDSKOLIERE-NAWEEK

## FRAMESBY VS NICO MALAN

**DONDERDAG: 16:00 - 23:00**
**VRYDAG: 08:00 - 23:00**

**VIR NAVRAE EN BESPREKINGS:** YOLANDI FOURIE FOS@FRAMESBY.CO.ZA

KAARTJIES SAL TE KOOP WEES TOT MAANDAG, 5 AUGUSTUS 2024

KOOP 'N KAARTJIE OM TOEGANG TE KRY TOT DIE OUDSKOLIERE-MARKIESTENT!

8, 9 AUGUSTUS 2024

# OUDSKOLIERE-NAWEEK

FRAMESBY VS NICO MALAN

## 8, 9 AUGUSTUS 2024
## OUDSKOLIERE-NAWEEK

Ons nooi alle oudskoliere om die naweek (Donderdag en Vrydag) saam met ons te kom spandeer en al ons sportspanne te kom ondersteun. Daar word spesiaal 'n markiestent vir ons oudskoliere agter die rugbypale opgeslaan.

Maak seker dat jy jou kaartjie koop voor Maandag, 5 Augustus 2024.
Kaartjieverkope beloop R100 per dag vir slegs toegang en R200 per dag vir toegang met aandete ingesluit. Donderdagaand word daar Butter Chicken en 'n broodrolletjie bedien en Vrydagaand 'n kaasburger en tjips. Daar sal Vrydagoggend vanaf 08:00 uur "breakfast buns" in die tent verkoop word.
Die tent sal Donderdag vanaf 16:00 tot 23:00 en Vrydag vanaf 08:00 – 23:00 oop wees. Verversings sal Vrydag, 14:30 in die tent beskikbaar wees. Wynproe sal in die tent plaasvind. Geen alkoholiese verversings sal buite die tent toegelaat word nie.

Vir enige navrae en besprekings kontak mev. Yolandi Fourie:
fos@framesby.co.za

| SLEGS VIR LAATKOMMERS: |
|---|
| Beperkte ete- en toegangskaartjies sal by die tent beskikbaar wees. |

# WELCOME TO GREAT FOOD

*Bem-vindo à ótima comida*



**NOW SERVING SPATCHCOCK CHICKEN RIBS AND CURRY**

San Fernando's

GRILLHOUSE & WOODFIRED PIZZERIA

*Bem-vindo à ótima comida*

041 368 1954 / 3536
041 271 0067
www.sanfernandos.co.za
facebook.com/sanfernandosgrillhouseandwoodfiredpizzeria